Anne Pienaar Gedenk (VGK) Primêr

Posbus 225
Malmesbury
7300

Tel/Faks: 022-482 2051
e-pos adres: admin@annepienaarps.wcape.school.za

Beleid ten opsigte van Veiligheid en Sekuriteit

In geval van brand, bomontploffing of bomdreigement word die skool onmiddellik ontruim.

Elke opvoeder beweeg so ordelik en vinnig moontlik met sy/haar leerders na die oop stuk grond agter die skool.

Die skoolhoof kontak onmiddellik die relevante owerhede, bv. die brandweer, SAPD, ambulansdiens, ens.

Wanneer ‘n noodsituasie ontstaan en daar is rede vir die ontruiming van die skoolperseel word die klok drie keer met kort tussenposes gelui. Die alarmstelsel word ook terselfdertyd geaktiveer.

Die opvoeder verantwoordelik vir noodhulp moet alle beseerdes of diegene wat aan skok ly, behandel.

Enigeen (opvoeder/leerder) wat iets verdag opmerk moet dit onmiddellik aan die skoolhoof rapporteer wat dan die nodige plan in werking stel.

Alle persone bly by die vergaderpunt totdat die skoolterrein veilig verklaar is deur die relevante nooddienste.

In geval van beserings gedurende ‘n normale skooldag word eers noodhulp toegepas deur die noodhulpbeampte en indien nodig, word die beseerde na die Swartland hospitaal of ‘n plaaslike geneesheer geneem.

Wapens:

Leerders word nie toegelaat om die skoolperseel met enige wapens (messe, skerp voorwerpe, vuurwapens, stokke, ens.) te betree nie.

Indien enige volwasse persoon die skoolperseel met ‘n wapen betree, moet dit eers by die kantoor aangemeld word, beveilig word en vir veilige bewaring aan die skoolhoof oorhandig word.

In geval van moeilikheidmakers wat die skoolperseel betree of wil betree, waarsku die skoolhoof hulle eers en daarna word die SAPD gekontak om sodanige persone te kom verwyder.

Noodnommers:

SAPD:	10111
Brandweer:	487 9400
Geneesheer - Dr. A. Fry:	487 4355
Swartland Hospitaal:	482 1161

Voorsitter: **Sekretaris:**

Skoolhoof: **Datum:**